# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 304 · 19 MEI 2023**



Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za


## SNEEUWITJIE VAN WINTERVILLE

### PUIK PRODUKSIE LAAT GQEBERHA REGOP SIT

Wat 'n voorreg om met soveel pragtige, talentvolle en toegewyde kinders en onderwysers te kon werk. Teater gee geleenthede wat lewenslange vriendskappe en herinneringe bou en ons wens is dat dit 'n absolute hoogtepunt in hulle skoolloopbaan sal wees.

Hierdie lekker Afrikaanse produksie was net moontlik met 'n groot spanpoging. Dankie vir elkeen wat ondersteun, aangemoedig, aangery, gebou, geverf, toneelgespeel, gesing, gedans, agter die gordyne gewerk of op een of ander manier bygedra het tot hierdie produksie. Ons het soveel talentvolle en kreatiewe mense in die Framesby-familie. Ons hoop dat elkeen wat kom kyk het, huis toe gegaan het met 'n stukkie plesierigheid in die hart en 'n glimlag om die mond. Onthou: moenie te veel in die spieël kyk nie, kyk liewer in mekaar se oë … en harte.











## VERJAARSDAE DIE WEEK

**SATERDAG • 20 MEI**
Luan Calitz
Jani Erasmus
Anja Kruger
Mieke Marais
Xavier Sampson

**SONDAG • 21 MEI**
Esmari du Plessis
Martin Jonker
Nicole van Heerden

**MAANDAG • 22 MEI**
Juffrou C. de Witt
Mieke Frier
Bianca Martin
Lane Potgieter
Jo-Lee vd Berg
Ruan vd Berg

**DINSDAG • 23 MEI**
Wian Roberts

**WOENSDAG • 24 MEI**
Abigaile Labuscagne
Rochelle Prins

**DONDERDAG • 25 MEI**
Mev. M. Wait
Ricah du Plessis
Angus-John Glaum
Logan Kunz
Anika Steyn
Shaun Struwig

**VRYDAG • 26 MEI**
Mev. R. Terblanche
Mikayla Jonker
Jacob Strydom

## BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bergfiets** XCO #2 (OL) | Nasionale **toneelspel-kompetisie**<br>**Gholfliga** - PEGC<br>**Netbal:** Westering (t) | Nasionale **toneelspel-kompetisie**<br>**Tennis:** Dogters<br>1 ste Brandwag (t)<br>2 de Priory (w) | Nasionale **toneelspel-kompetisie**<br>**Hokkie:** (t)<br>Dogters vs DSG<br>Seuns vs Grey<br>Seuns vs Woodridge<br>**Rugby:** vs Cilliers (t) | **Tennis:** Seuns<br>2 de Bergsig (w)<br>3 de Kirkwood (w)<br>4 de Muir (t) | **Hokkie:** (t) vs Punt<br>**Muurbal:** (t) en (w)<br>1ste liga vs Collegiate<br>2de liga vs Collegiate<br>4de liga vs Alex<br>**Musiekkonsert**<br>**Skaak** vs Cilliers (t) | **Rugby:** (OP-Proewe)<br>Meyer Sauerman<br>**Landloop** OP Liga 3: NMU<br>Sport: HS Punt (t)<br>**Hokkie/Netbal/Rugby** |


**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**
**SUNRIDGE VILLAGE**

# FRAMESBY VERMORSEL PEARSON OP NETBALBAAN

| SPAN | PUNTE |
|---|---|
| **o.14 A**<br>**B**<br>**C**<br>**D**<br>**E PHS o.14 D** | **19-11 Wen**<br>**13-11 Wen**<br>**12-7Wen**<br>**13-3 Wen**<br>**6-6 gelykop** |
| **o.15 A**<br>**B**<br>**C  PHS o.16F** | **13-14 Verloor**<br>**18-9 Wen**<br>**15-13 Wen** |
| **o.16 A**<br>**B**<br>**C** | **24-11 Wen**<br>**19-6 Wen**<br>**22-5 Wen** |
| **o.17A** | **25-7 Wen** |
| **o.19B PHS o.17A** | **13-11 Wen** |
| **o.19C** | **3-15 Verloor** |
| **o.19A** | **30-18 Wen** |






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# DOGTERSHOKKIE KLOP WESTERING OORTUIGEND

Dogters
0/14A wen 4-0
0/16A wen 2-0
1ste span wen 2-1

Seuns
1ste span verloor 0-2
0/14 verloor 0-2

















SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

**10 JUNIE 2023**
18:30 VIR 19:00

**BESPREEK JOU PLEK VOOR 1 JUNIE 2023**

HOËRSKOOL FRAMESBY

# OUDSKOLIERE *samekoms* IN KAAPSTAD!

KOM KUIER SAAM MET DIE SKOOLHOOF EN BEMARKERS BY VREDE EN LUST WINE ESTATE | FRANSCHOEK.

**R400 PER PERSOON**
SLUIT IN VERWELKOMINGSDRANKIE, HOOF- EN NAGEREG.(KONTANTKROEG)

VIR ENIGE NAVRAE EN BESPREKINGS:
CGARBERS@FRAMESBY.CO.ZA




**17 JUNIE 2023**
18:30 VIR 19:00

**BESPREEK JOU PLEK VOOR 10 JUNIE 2023**

HOËRSKOOL FRAMESBY

# OUDSKOLIERE *samekoms* IN PRETORIA!

KOM KUIER SAAM MET DIE SKOOLHOOF EN BEMARKERS BY AFFIES SE 1920 RESTAURANT.

**R300 PER PERSOON**
SLUIT IN ALKOHOLIESE VERVERSINGS, HOOF- EN NAGEREG.

VIR ENIGE NAVRAE EN BESPREKINGS:
CGARBERS@FRAMESBY.CO.ZA



# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) KWARTAALPROGRAM – 21 TOT 27 MEI 2023
Aangeheg die datums vanaf 21 tot 27 Mei 2023. As gevolg van datumveranderings buite ons beheer plaas ons dit graag sodat u makliker kan beplan.

B) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

C) DIE HANGER
Sien weekliks die Fakkelflits vir inligting.

D) EKSAMENROOSTER
Aangeheg is die Mei/Junie-eksamenrooster vir Graad 8 tot 12.

E) ROBOTIKA-KLUB
Sal weer hervat word vanaf die derde kwartaal. Ons vra om verskoning vir die ongerief.

F) AKADEMIE
WOLKSKOOL WEBINAAR

"Ontsluit jou kind se potensiaal: Assessering van denkvaardighede vir sukses", die perfekte geleentheid vir jou! Daar is beperkte sitplekke beskikbaar!

Wat is denkvaardighede en waarom is dit noodsaaklik vir jou kind se toekoms?
Hoe denkvaardighede effektief geassesseer kan word.
Hoe om te registreer vir die SOS se Denkvaardigheidstoets, wat nasionaal in Julie via Die Wolkskool geskied.

https://tinyurl.com/Framesbyouers

SBA-TOETSDATUMS VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| Maandag 22 Mei | Wiskunde | graad 10-12 |
| Wiskundige Geletterdheid | graad 10-12 | |
| RTT | graad 10 [prakties] | |

JUNIE-EKSAMEN
Graad 10 tot 12 begin Donderdag 25 Mei. Matrieks skryf in die saal onder normale eksamentoestande soos aan die einde van die jaar.
Graad 10 en 11 skryf in die hoofblok.
Graad 8- en 9-leerders het normaalweg tot 29 Mei klas. Dit bly belangrik dat leerders tot die dag voor die eksamen wel skool bywoon.
Waar leerders afwesig is of was, bly dit hul eie verantwoordelikheid om werk in te haal. Wolkskool kan as ekstra hulpmiddel gebruik word.
Dankie aan elke ouer vir u lojale ondersteuning aan u seun/dogter in hul voorbereiding vir die eksamen.

VAKKEUSES GRAAD 9-LEERDERS

Dié leerders gaan na aanleiding van hul Junie-eksamen vakke vir gr. 10 moet kies. Dit bly dus belangrik dat u as ouers hul verder sal ondersteun deur gedurende die Junie-vakansie al te begin met aanlegtoetse – veral waar leerders onseker is wat hul toekomstige beroep gaan wees. Daar sal ook ‘n oueraand in die loop van kwartaal 3 wees.

G) AFWESIGHEID VAN MEI/JUNIE EKSAMEN
Ouers, daar kan géén uitsonderings vir énige leerder rakende die eksamen gemaak word nie. Leerders skryf op die dae en datums soos op die eksamenrooster aangedui. Ons kan nie die integriteit van die eksamen in gedrang bring nie.

Ek bring dit net weer onder u aandag: indien ‘n leerder tydens die skryf van die eksamen afwesig is, moet ‘n mediese

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

sertifikaat/kliniekbrief ingedien word. Indien dit nie gebeur nie, ontvang ‘n leerder 0 vir die betrokke vak.

Afsprake vir leerling- en/of lisensie kan nie in die eksamen plaasvind nie.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: Die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

**MEI/JUNIE EKSAMEN 2023**
**GR. 10-12 BEGIN 25 MEI**
**GR. 8-9 BEGIN 30 MEI**
**EKSAMEN EINDIG 19 JUNIE**

| | **Oggendsessie 08:00** | | **Oggendsessie 09:00** | | | **Middagsessie 14:00** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dag en datum** | **Gr. 8** | **Gr. 9** | **Gr. 10** | **Gr. 11** | **Gr. 12** | **Gr. 10** | **Gr. 11** | **Gr. 12** |
| Donderdag<br>25 Mei | | | Afr. HT V2<br>$2\frac{1}{2}$ h | Geo<br>3 h | IT Pr. V1<br>3 h | | | |
| Vrydag<br>26 Mei | | | RTT V2<br>$1\frac{1}{2}$ h | FW V1<br>2 h | RTT Pr. V1<br>3 h | | LO<br>2 h | |
| **WEEK 1** | | | | | | | | |
| Maandag<br>29 Mei | | | Wiskunde<br>Wisk. Gel.<br>2 h | FW V2<br>2 h | Landb. V1<br>$2\frac{1}{2}$ h<br>VBS<br>3 h | Eng. P1<br>FAL/HL<br>2 h | IGO V1<br>$2\frac{1}{2}$ h | IT V2<br>3 h |
| Dinsdag<br>30 Mei | Wisk.<br>$1\frac{1}{2}$ h | Gesk.<br>$1\frac{1}{2}$ h | RTT V1<br>2 h | Eng. P2<br>FAL $2\frac{1}{2}$ h<br>HL 2 h | Afr. HT V1<br>2 h | | Vis. Kuns<br>2 h | IGO V1<br>3 h |
| Woensdag<br>31 Mei | Geo.<br>$1\frac{1}{2}$ h | | BS V1<br>$1\frac{1}{2}$ h<br>Drama<br>2 h | IT V1<br>3 h | Geo.<br>Vis. Kuns<br>Musiek V1<br>3 h | Toerisme<br>2 h | | Musiek V2<br>$1\frac{1}{2}$ h |
| Donderdag<br>1 Junie | | Afr.<br>$1\frac{3}{4}$ h | IT V1<br>2 h | LW<br>$2\frac{1}{2}$ h | Eng. P2<br>FAL 2 h<br>HL $2\frac{1}{2}$ h | | Eng. P1<br>FAL/HL<br>2 h | RTT V2<br>3 h |
| Vrydag<br>2 Junie | EBW<br>$1\frac{1}{2}$ h | LO<br>$1\frac{1}{2}$ h | Rek.<br>2 h | RTT V1<br>2 h | Wisk. V1<br>3 h<br>WG V1<br>2 h | IGO<br>3 h | | |
| **WEEK 2** | | | | | | | | |
| Maandag<br>5 Junie | FW<br>55 min | LW<br>1 h | LW<br>$2\frac{1}{2}$ h | BS V1<br>2 h | Wisk. V2<br>3 h<br>WG V2<br>2 h | | IGO V2<br>$2\frac{1}{2}$ h | |
| Dinsdag<br>6 Junie | Dig. Teg.<br>V2<br>2 h | Eng.<br>FAL/HL<br>$1\frac{3}{4}$ h | VBS<br>2 h | Landbou<br>3 h<br>Mus. V1<br>$2\frac{1}{2}$ h | Rek. V1<br>2 h | IT V2<br>2 h | Mus. V2<br>$1\frac{1}{2}$ h | |
| Woensdag<br>7 Junie | LO<br>$1\frac{1}{2}$ h | SK<br>45 min. | LO<br>2 h | Afr. HT<br>V2<br>$2\frac{1}{2}$ h | BS V1<br>2 h | BS V2<br>$1\frac{1}{2}$ h | Toerisme<br>$2\frac{1}{2}$ h | |
| Donderdag<br>8 Junie | Eng.<br>FAL/HL<br>$1\frac{1}{2}$ h | Geo.<br>$1\frac{1}{2}$ h | Afr. HT V1<br>2 h | Rek.<br>Drama<br>2 h | Eng. P1<br>FAL/HL<br>2 h | | | |
| Vrydag<br>9 Junie | Afr.<br>$1\frac{1}{2}$ h | EBW<br>$1\frac{1}{2}$ h | FW V1<br>2 h | Wisk V1<br>WG V1<br>$1\frac{1}{2}$ h | FW V1<br>3 h | | | |

| | Oggendsessie<br>08:00 | | Oggendsessie<br>09:00 | | | Middagsessie<br>14:00 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dag en datum** | **Gr. 8** | **Gr. 9** | **Gr. 10** | **Gr. 11** | **Gr. 12** | **Gr. 10** | **Gr. 11** | **Gr. 12** |
| **WEEK 3** | | | | | | | | |
| Maandag<br>12 Junie | LW<br>50 min. | FW<br>65 min. | FW V2<br>2 h | Wisk V2<br>WG V2<br>$1\frac{1}{2}$ h | FW V2<br>Drama Teo.<br>3 h | | | |
| Dinsdag<br>13 Junie | Gesk.<br>$1\frac{1}{2}$ h | Teg.<br>$1\frac{1}{2}$ h | Eng. P2<br>FAL 2 h<br>HL $2\frac{1}{2}$ h | BS V2<br>2 h | Afr. HT V2<br>$2\frac{1}{2}$ h | | | Toerisme<br>3 h |
| Woensdag<br>14 Junie | SK<br>45 min. | Wisk.<br>$1\frac{1}{2}$ h | Vis. Kuns<br>2 h | VBS<br>2 h | LW<br>$2\frac{1}{2}$ h<br>LW Pr.<br>30 min. | | IT V2<br>3 h | |
| Donderdag<br>15 Junie | | | Geo.<br>3 h | RTT V2<br>2 h | BS V2<br>2 h | Landbou<br>$2\frac{1}{2}$ h | Afr. HT V1<br>2 h | IGO V2<br>$2\frac{1}{2}$ h |
| **WEEK 4** | | | | | | | | |
| Maandag<br>19 Junie | | | | | Rek V2<br>2 h<br>Landb. V2<br>$2\frac{1}{2}$ h | | | |

**NOTAS**

- **Die laaste week is normale skool soos in die skoolkalender aangedui.**

# UITSLAE VIR DIE WEEK:

**Muurbal:**
2de span wen Grey High 12-3
4de span Westering wen 12-8
1ste span wen Muir 7-3

Skaak:
Framesby verloor teen Pearson

Tennis:
1ste seuns wen 4-0 teen Alex
2de seuns wen 3-1 teen GLA
4de seuns wen 4-0 teen Westview



# BUITESPORT:

Baie geluk aan **MJ Bonthuys** wat aan die FCMA "martial arts" SA kampioenskappe gaan deelneem. Ons wens hom alle sterkte toe.

Baie geluk aan **Tinique Prinsloo** met haar gradering na Bruin 1,. Sy staan nou bekend as 'n Senpai in haar klub. Tinique is uitgenooi om SA in Duitsland vanaf 10 – 14 Augustus te verteenwoordig.

**Sonica Bester,** het weereens die Oos-Kaap Provinsie Junior veerpyltjie span behaal. Sy is gekies om die O.P span te verteenwoordig die 2de week in Julie, 10de tot die 14de. Dit word hierdie jaar in die Wild Coast Sun, in Durban, aangebied. Sy het die afgelope naweek aan die proewe deelgeneem en met die meeste punte in haar groep geëindig.



# ONS BEDANK ITEC:

Baie dankie aan Itec wat olangs die skool besoek het en R20 000 geskenk het. Framesby waardeer dit opreg!




# LUHANN EINDIG TWEEDE BY MUSIEKKOMPETISIE

Luhann Sprong het die naweek aan die Into-the-mix musiekkompetisie deelgeneem in die kategorie "kontemporêr instrumentaal graad 2-5". Hy het deurgedring na die finaal wat op Sondag 14 Mei by Victoria Park plaasgevind het, waar hy tweede in sy kategorie geëindig het.

Baie geluk, Luhann! Dankie aan mev. Nellie Brandt wat hom in dwarsfluit onderrig en wat hom tydens die kompetisie op klavier begelei het.





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# HOËRSKOOL FRAMESBY LANDLOOP ATLETE PRESTEER IN DIE KOUE

Die landloopatlete van Hoërskool Framesby het die afgelope Saterdag, 13 Mei, by Varsvlei in ysige koue en nat toestande baie goeie prestasies gelewer.

Die uitslae is as volg:
Dogters 0/14
- Lienke Els – 7de
- Liané van der Merwe – 8ste
- Elizabeth Notley – 10e

Dogters 0/15
- Jamie-Lee Bester – 2de
- Carli Maritz – 4de
- Annree van Zyl – 6e

Dogters 0/16
- Ilke Wolmarans – 3e
- Tanya Boshoff – 7e
- Ciarah Boshoff – 8e

Seuns 0/14
- Stefan Boshoff – 3e
- Cleushé Jansen – 5de

Seuns 0/15
- Guerra Ntuli – 11de
- Tristan van Wyk – 12de
- Ethan Coutts – 14de

Seuns 0/16
- Niel Kruger – 5de
- Dylan Wannenburg – 13de
- Pieter Els – 18de

Seuns 0/17
- Tiaan Peens – 5de
- Mondré van Heerden – 8ste

# SEUNSHOKKIE KLOP ALEXANDER ROAD OORTUIGEND

1ste seunshokkie wen 4-0 vs Alex 2de
0/16 seunshokkie verloor 5-0 vs Pearson 0/16D

# DOGTERSHOKKIE VEG TOT EINDE TOE

Framesby vs Pearson
0/14A verloor 3-5
0/16A verloor 0-3
1ste span verloor 0-7

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7


HOËRSKOOL FRAMESBY GIMNASIUM
FUNKSIONELE
GROEPSKLASSE
MAANDAE - DONDERDAE
PILATES 08:30 AM
FIKSHEID 09:15 AM
MAANDAE & WOENSDAE
FIKSHEID 06:45 AM
R125 PER SESSIE
DIT IS NOU DIE TYD OM TE BEGIN
BESPREEK BY MIZAAN: 061 488 3911

*Hoërskool Framesby*

# Mediasentrum

**Die Mediasentrum is oop tydens pouses,**
**sowel as in die middae (Maandae-Donderdae) tot 15:00.**


**Het jy geweet:**

- **Jy kan in die middae jou huiswerk in die Mediasentrum kom doen.**
- **Ons het ouvraestelle (50c per bladsy).**
- **Groot verskeidenheid van die nuutste boeke**
- **Jy kan dvd's uitneem**
- **Jy kan jou take by ons print**
- **Games speel op die rekenaar tydens pouses en na skool (R5 pouses en R10 na skool)**
- **Ons het bordspeletjies**
- **Ons verkoop taakomslae, gekleurde karton, posters, ens**

**Kom maak 'n draai!**



# Nuwe boeke in die Mediasentrum



# KOM HANG UIT BY 'DIE HANGER'

DIE HANGER

Ons is baie opgewonde om die Graad 8's van 2024 te ontmoet!

Die winkel staan reg om julle gereed te kry met julle Hoërskool Framesby loopbaan! Kom 'hang' by Die Hanger en kom kyk watter oulike skool items ons vir julle het!

Ons tye is soos volg
Maandae - Donderdae 12:00 - 16:30
Vrydae 08:00 - 11:00

Ouers is meer as welkom om nou al klere te kom bestel, aankope te doen en reëlings te tref om die stormloop te vermy later die jaar!

Sien julle by Die Hanger

*Charnelle*

CHARNELLE 082 342 8113 - KATRIEN 072 407 0670
CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA

# OP PROMOSIE

DIE HANGER

**Navy sykouse R 55 elko f 2 pare vir R99**

**Blackmail - R46.50 elk of 2 pare vir R89**





**KOOP 2 PARE**
**EN SPAAR**

*sykouse*

**CHARNELLE 082 342 8113**
**KATRIEN 072 407 0670**
**CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA**

# ONS GESELS MET: HERMAN SAAYMAN





Jaar Matrikuleer : 2002

In 1998 begin ek my hoërskoolloopbaan in die Gr.8C klas by Juffrou Lombard as ons voog juffrou vir die volgende 5jaar. Met 'n klas vol lekker karakters raak ons toe vinnig die klas wat gereeld deur Mnr. Pretorius besoek word omdat ons blykbaar bietjie "besig " was.

Onder 14A en 15A het ons ons junior jaar op 'n hoogtepunt begin met 'n baie sterk rugbyspan. Ons afrigter Mnr. Chris "The Gentleman " van Niekerk was 'n ongelooflike afrigter wat die beste uit ons kon haal . Ek kan net dankie se vir my tyd in sy spanne en sal altyd ongelooflike respek vir hom hê. In my senior jaar het ek onder meneer van Schalkwyk begin in sy 3de span of beter bekend as die goue Oues! Die sterkste voorry waarteen ek gesak het was mnr. Van Schalkwyk in sy "vellies " een oefening , Baie gevoel soos 'n muur wat ek slaan . Maar wat 'n ongelooflike persoon wat ook geweet het hoe om in jouself te glo. In 2001 het ek my eerste cap gekry vir eerste span teen Gill College op die Union toer en later die jaar teen Langehoven Gim 'n 8 tal op die veld gesit van 800kg.

Ek dink iets wat mens altyd sal mis is die sport en vir my was dit 'n eer om as onder 14 en 15 te toer saam met die ongelooflike 1998 en 1999 1ste span, seker twee van Framesby se beste

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

eerste spanne nog met spelers waarna ons net kon opkyk. Ysters wat met voorbeeld gelei het en die platform daar gesit het vir die res van die spanne om ook hulle beste te gee.

As ek moet terugdink aan akademie kan ek eerlik sê elke onderwyser wat vir my klas gegee het sal ek altyd onthou. Volgens my punte het juffrou Thomas die beste uit my gehaal seker maar omdat ek maar skrikkerig was vir haar, maar sy was ‘n goeie REK juffrou.

Na skool het ek vir Park Rugbyklub onder 20 begin speel asook senior rugby vir twee jaar voordat die klub geskuif het. By hierdie klub het ons leer saamstaan en ‘n baie lekker tyd in my lewe gehad. In my tyd by Park was die 1ste span ook deur ‘n oud-Framesby afgerig, Basil de Coning. Ek het ook vir Korrektiewe Dienste en Despatch 1ste liga krieket gespeel. 2013 was my laaste jaar op die rugbyveld, maar ook ‘n spesiale jaar waarin ek vir Humansdorp eerste span gespeel het en die geleentheid gehad het om saam met my broer die veld te deel en die liga te wen. My broer, Johan Saayman is ook ‘n oud-Framesby, wat 2006 matrikuleer het asook SA Akademie en OP Cravenweek in sy materiek jaar gespeel het. Tans hou ek my besig met trail running en het hierdie jaar reeds die Addo Elephant 44km voltooi. Ek het ook in 2005 begin hardloop vir Harmony Klub waar ek die Two Oceans voltooi het en later oorbeweeg na Nedbank hardloop Klub waar ek vele wedlope gedoen het. Hardloop speel ‘n groot rol in my lewe en hou my gedissiplineerd en het my ook gehelp om 40kg af te skud.

Ek het 10 jaar in die finansiële bedryf gewerk, waar ek my kwalifikasies bekom het. Ek werk tans vir ‘n Nasionale Legal Company waar ek kyk na die “operations” vir die laaste 5 jaar en woon die laaste 2 jaar in Durban . Ek is in 2012 getroud ook met ‘n oud-Framesby, Hanlerie “Cloete “ Saayman (matrikuleer in 2006). Ons het tans net ‘n dogtertjie ( Frenchie) - Olive wat baie vreugde in ons lewe bring.

As Framesby Old Boy hou ek tans die sport gereeld dop en voel Framesby het ongelooflik gegroei . Elke oomblik wat Framesby presteer maak mens trots , ‘n hoogtepunt vir my sover die jaar was Zanri Black in die 400m hekkies Finaal verseker nog ‘n toekomstige wêreldkampioen vir Framesby. Vir die eerste rugbyspan en die res van die spanne kan ek net sê “ we never lose, we either win or learn”.

*Herman Saayman*











SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.

# OUDSKOLIERE MEMORABELIA:

Ons wil graag memorabelia vir ons oudskoliere ontwerp en laat maak. Enige voorstelle kan na mediasentrum@-framesby.co.za ge-epos word.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

## OUDSKOLIERE SAMEKOMSTE 2023

**10 JUNIE 2023 FRANSCHHOEK, VREDE EN LUST WINE ESTATE**
**17 JUNIE 2023 PRETORIA, AFFIES SE 1920 RESTAURANT**

**12 AUGUSTUS 2023 PORT-ELIZABETH, HOËRSKOOL FRAMESBY**

**9 SEPTEMBER 2023 GEORGE, OUBAAI GHOLF ESTATE**
**16 SEPTEMBER 2023 BLOEMFONTEIN, BAINS LODGE**

**Reünie-groepe:**
**Hoofleiers van die volgende jare 2013, 2003, 1993, 1983 en 1973** kan mev. Snetler kontak en 'n tafel bespreek vir die oudskoliere-naweek op **12 Augustus 2023.**
**E-pos: mediasentrum@framesby.co.za**

Ons nooi alle oudskoliere uit om die tydens die oudskoliere naweek lekker saam te kom kuier. Tafels kan bespreek word. Kaartjie sal toegang tot die tent en kos insluit. Die oudskoliere sal toegang tot 'n private paviljoen ook he.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

HOËRSKOOL FRAMESBY SE
MUSIEKDEPARTEMENT BIED AAN

# Framesby Classiq

## 26 MEI 2023 OM 18:30
## IN DIE FRAMESBY SKOOLSAAL

R50 per kaartjie

Kaartjies:
Beskikbaar by Algemene Kantoor en sal ook by deur verkoop word.

*Spesiale Gaskunstenaar: Lara Geldenhuys*

# Baker's Street Baking Supplies

Bake • Create • Decorate

EST 2011

## Sunridge Village Shopping Centre, PE







## We also offer the following & more...

- Themed Cakes Made To Order
- Edible Prints - A4 & A3
- Gels, Powders & Glitters
- Cake Tins For Hire
- Baking Ingredients
- Cake Boards and Boxes
- Cake Decorations Made To Order

Like us on facebook

**Printing**: *prints@bakersstreet.co.za* ***or*** **Office:** *info@bakersstreet.co.za*

**060 767 1330**